20 Februarie 2022

Hoërskool Kategese

1 Korintiërs 15:35-38, 42-50

wat wil jy vandag bereik?

1 Korintiërs 15 is nie die maklikste gedeelte om te verstaan nie. Maar jongmense het baie vrae oor die lewe na die dood. Dis nie maklik om hieroor te gesels nie, maar wel baie belangrik.

Vra die kinders in jou groep, om vir jou foto's van hulself , toe hulle babas was, dalk die dag toe hulle gedoop was, te stuur. Kyk of julle van die leraars en kerkraadslede s'n ook kan kry.

Ons dink jy moet jou groep help om te verstaan dat die opstanding hulle verander.

Ter wille van gemeentes
wat gewoond is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede van die NOUS span te nooi om opleiding rondom hierdie metodiek te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Na aanleiding van een van die vrae wat gevra word, kan julle dalk vandag as 'n groep 'popcorn' maak en eet, terwyl julle gesels.

Kyk na die verskillende babafoto's. Kan julle sien wie dit is? Wat het dieselfde gebly en wat het verander?

Tydens watter fase van jou lewe tot dusver het jy die meeste verander? In watter opsig het jy die meeste verander?

word stil

Lees Ps 37:1-11, 39-40.

> 4 Vind jou vreugde in die Here,
> en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.
> 5 Laat jou lewe aan die Here oor
> en vertrou op Hom; Hy sal sorg.

Herhaal dit elke dag hierdie week!
Maak dit jou status op whatsapp!

GOD se storie
wat sê die Bybel (daar en dan)

lees 1 Korintiërs 15:35-38, 42-50 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.

gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.

Skiet 'popcorn' – hou dop hoe die pit verander in 'n springmielie. Paulus sê dieselfde gebeur met ons na die dood. Dis nog steeds jy, maar 'n beter jy. Dink aan die mense op die foto's en hoe hulle verander het, terwyl dit tog nog steeds dieselfde mense was. Hoe help dit julle om die gedeelte beter te verstaan?

Wat dink julle gebeur met iemand na die dood? Hoe gaan iemand lyk wat 'uit die dood opstaan'? Die Korintiërs het 'n baie praktiese probleem gehad (vers 35), hulle het geweet wat met jou liggaam gebeur na die dood! Ek vermoed hulle het iets gesien wat lyk soos 'n toneel uit 'The Walking Dead'.

Wie was die eerste Adam en Wie is die tweede Adam? Wat is die ooreenkoms en wat is die verskil tussen die twee?

Iemand het gesê: "We are not in the land of the living going to the land of the dying. We are in the land of the dying trying to get to the land of the living". Hoekom stem julle (nie) hiermee saam (nie)?

Vir sommige klink die ewige lewe maar vervelig. Baie dink dit sou dalk beter wees as hierdie lewe die einde van die storie kon wees. Wat sal jou antwoord wees vir so iemand?

Hoe troos die hoop van die opstanding jou? Waarna sien jy uit? Waaroor wonder jy nog?

Hulle sê die ou eerste minister van Brittanje, Winston Churchill, het sy eie begrafnis beplan. Sy begrafnisdiens was in die St. Paul's Cathedral, in Londen. Nadat die prediker die seën uitgespreek het, het 'n trompetspeler uit een van die torings van die katedraal die "Taps" begin speel, die universele sein dat die dag verby was. Maar net toe hy klaar is, het 'n ander trompetspeler, uit een van die ander torings van die katedraal die "Reveille" begin speel, die universele teken dat 'n nuwe dag begin. Dit was Churchill se manier om te sê dat al voel dit soos 'Goeienag' wanneer ons sterf, dit eintlik "Goeiemôre!" is.

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Viktor Frankl, die bekende psigiater, was self 'n gevangene in een van die Joodse konsentrasie kampe. Hy skryf oor 'n sekere tipe mens wat in die kamp was: Hierdie tipe mens sou altyd die hutte besoek om ander te troos; hulle sou hul laaste stukkie brood vir ander gee wat dit dalk nodiger het. Hy sê daar was nie baie van hierdie tipe mense nie, maar die bestaan van hierdie tipe mens is 'n onteenseglike bewys dat jy alles van 'n mens kan wegneem, behalwe sy houding teenoor sy omstandighede.

Christene behoort die tipe mens te wees waarvan Frankl vertel!

Die opstanding maak van jou só 'n soort van 'n mens.

Ken julle sulke mense? Is jy so 'n mens?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding
"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis
"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding
"Ek bid vandag vir..."

Danksegging
"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding
"Here, help my om..."

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?